

Sondag 4 Oktober

Skrifgedeelte: Habakuk 2:1-4 (1933/53 vertaling)

Fokusgedeelte: Habakuk 2:4

Daar is uitkoms!

Pla die onreg, geweld en korrupsie jou baie? Die profeet Habakuk was ontsteld oor soortgelyke dinge in Israel (1:2-4). Hy draai na God toe vir hulp (1:2). God se antwoord stel hom egter teleur. Die Here bevestig dat die dinge Hom net so pla en dat Hy die Galdeërs gaan gebruik om sy volk te straf (1:5-11). Habakuk reageer hierop met ontsteltenis: Hoe kan die Here goddelose mense gebruik om sy kinders te straf (1:14-17)? Hy vra dit vir die Here en wag weer op sy uitkyktoring vir 'n antwoord (1:12 – 2:1).

In die res van hoofstuk 2 (vs 5-20) waaroor ons môre begin saamdink, ontvou die hoopvolle gesig wat God vir Habakuk laat sien. Dit is so: die Galdeërs se siel is opgeblase (hulle is trots) en nie reg nie (vol onreg), maar hulle sal nie daarmee wegkom nie (vs 4a). Niemand sal wegkom met enige onreg of sonde nie, ook nie die Galdeërs nie. Habakuk en ons moet net geduldig wag (2:2-3). Dis die troos. Die uitdaging: Nie Israel of ek en jy sal met onreg wegkom nie.

Raak jy so besig met die uitwys van en kla oor mense rondom jou se sonde dat jy jou eie onreg en sonde miskyk?

Is daar uitkoms uit hierdie dilemma? Ja! Die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe (2:4). Hierdie woorde word net so opgeneem deur Paulus en die Hebreërskrywer (Rom. 1:17; Gal. 3:11; Heb. 10:38) en Jesus staan in die middelpunt hiervan. Habakuk sien dit nog net in die verte, maar die uitkoms, die hoop is dat God self 'n plan maak (3:13-15) vir die wat nederig, eerlik oor hulle sonde, na Hom toe kom! esus kom vat die volle gevolge van al die onreg op Homself sodat die wat in Hom glo, volkome vergewe en nuutgemaak kan word.

Ons kan in hierdie geloof lewe en juig oor sy genade vir ons en veg teen onreg deur hierdie goeie nuus te verkondig binne ons onregverdige wêreld (3:17-18)!

Sing: Psalm 33-1:1, 11

Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)